



eduresourceza.com



**Afrikaans Eerste Addisionele Taal
PROEFEKSAAMEN
VRAESTEL 2**

Vorm 5

12 September 2023

Eksaminators: A Steyn

Tyd: 2.5 uur

Moderators: YR / NVW / EVZ

Totaal: 100 punte

INSTRUKSIES

1. Hierdie vraestel bestaan uit **14** bladsye (voorblad ingesluit).
2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS:
Afdeling A - Letterkunde (70 punte)
Afdeling B - Transaksionele skryfwerk (30 punte)
3. Trek 'n lyn aan die regterkant van die bladsy.
4. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
5. Skryf jou naam en onderwyserskode (AS/EvZ/NvW/YR) bo-aan voordat jy die vrae begin antwoord.
6. Alle **antwoorde moet op die foliopapier** geskryf word. Geen antwoorde sal nagesien word op die vraestel nie.
7. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
8. **Bylaag 1** kan as materiaal gebruik word as jy Vraag 4 beantwoord.

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **AL VIER** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van die **paragraaf in Vraag 2** en die **opstel in Vraag 4** neer.
4. Let op die punttoekenning tussen hakies by elke vraag. Die getal punte bepaal die getal feite wat verwag word.
5. **Beplanning**
 - 5.1 Dit is 'n goeie idee om 'n opstel of paragraaf te beplan voordat jy dit neerskryf. Die beplanning word nie gemerk of bepunt nie.
 - 5.2 Skryf die opskrif: **BEPLANNING** bo-aan. Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy klaar is met jou skryfstuk.

VOORBEELD:

	BEPLANNING  (linkerkantste bladsy)			VRAAG  (regterkantste bladsy)	
--	--	--	--	--	--

DONKER WEB - Fanie Viljoen



(Foto: <https://www.fanieviljoen.co.za/donker-web/>)

Beantwoord die volgende VIER vrae oor die roman, **Donker Web**.

VRAAG 1

TEMA: Broers

- 1.1 Al John se goed is net soos dit was toe hy nog geleef het... Daarmee is ek nogal bly. Om sy gedagtenis in my lewendig te hou, probeer ek verbete vasklou aan die tye wat ons saam was.

[bl.13]

- 1.1.1 Hoe sal jy John se karakter beskryf? (1)
- 1.1.2 Wat word met die volgende aanhaling geïmpliseer?
"John het sy grens gekry - in 'n bottel pille." (1)
- 1.1.3 Watter skokkende woorde het Greg se pa vir hom gesê die aand toe John dood is? (1)
- 1.1.4 Waarom neem Greg 'n foto van John voordat hy na Stellenbosch vertrek? (1)
- 1.1.5 Wat glo die Meksikane oor 'n persoon se derde dood? (1)

[5]

- 1.2 'n Vae herinnering wil-wil in my oopvou. Daar is tog iets bekend aan hom. Diep soek ek in die folders in my kop.

* * * * *

As ek reg onthou, was die partytjie kort voor hulle op 'n oorsese vakansie sou vertrek... Hulle sou iemand daar ontmoet het, Dokter Trollip se broer...

[bl.41]

- 1.2.1 Waar het Greg en John Dokter Trollip vir die eerste keer gesien? (1)
- 1.2.2 Waarvoor is die dokter tronk toe gestuur? (1)
- 1.2.3 Verduidelik hoe die dokter aan sy einde gekom het. (1)
- 1.2.4 Hoe ken Sebastian Stadler en Rian Trollip mekaar? (1)
- 1.2.5 Hoekom was dit maklik om vir Rian in die tronk te laat vermoor. (1)
- 1.2.6 Noem die naam van 'n ánder persoon wat ook wreed deur Sebastian in die tronk vermoor is. (1)

[6]

TEMA: Die Baker se skoonsuster

- 1.3 As ons hier klaar is, sal ek vir haar gaan kuier. Ek het haar gewaarsku om haar bek van my af te hou. As sy nie wil luister nie, moet sy voel.

[bl.291]

- 1.3.1 Waarom wil Sebastian Rian Trollip se vrou doodmaak? (1)
- 1.3.2 Wat het Rian Trollip se vrou gedoen nadat hy tronk toe is, wat 'n bewys is dat hul huwelik skade gely het? (1)
- 1.3.3 Waarom sê Stadler vir Greg dat Trollip se vrou onstabiel is? (1)
- 1.3.4 Hoe het mevrou Trollip gereageer toe Greg haar oor die Baker uitvra? (1)

[4]

TOTAAL VIR VRAAG 1: [15]

VRAAG 2

TEMA: Die stad en die man agter die kamera

- 2.1 "Die Baker is nie in die foto nie.", sê ek. "Tja, ek weet," sê Xander. "Maar dis hoe ons hom gaan kry." Hy vergroot die foto op die skerm. "Lyk die plek vir jou bekend?"

[bl.240]

2.1.1 Verduidelik kortliks hoe Xander en Greg geweet het na watter stad om volgende te gaan? Antwoord volledig. (1)

2.2 Die vriende is op die Baker se spoor en gebruik die Taylor Swift taktiek om hom finaal vas te trek.

2.2.1 Greg moet terug woonstel toe om 'n powerbank te gaan haal. Wat maak hy met die selfoon wat steeds na Xander toe stroom? (1)

2.2.2 Waarom maak Xander se skootrekenaar 'n piepgeluid? (1)

2.3 Terug op die plein is die foon weg. Greg en Xander word deur 'n suspisieuse stalletjiesmous gehelp.

2.3.1 Waarmee dreig Xander die stalletjiesmous om inligting oor die verlore selfoon te kry? (1)

2.3.2 Wat gee die stalletjiesmous vir Greg as 'n geskenk? (1)

2.3.3 Verduidelik hoekom dié geskenk later in die storie so belangrik is. (1)

Greg en Xander is geskok toe hulle Plank met die verlore foon in sy hand sien.

2.3.4 Waarheen lei Plank sy vriende? (1)

[7]

2.4 Valkyrie is die Baker se sielgenoot.

Agter 'n sirkelvormige bedding met blomme sit 'n vrou op n rooi bankie... Haar gesig word halfpad bedek deur 'n masker... skrikwekkende swart oë wat na ons kyk.

[bl. 284]

Gebruik die onderstaande diagram en skryf 'n **paragraaf** van tussen **100 en 120 woorde** oor Valkyrie.

In jou paragraaf moet jy aan die volgende **kolpunte** aandag gee:

- Waar het Greg die woord Valkyrie die eerste keer gesien? (1)
- Waarom is Valkyrie se **naam** so gepas binne die konteks van die verhaal? Antwoord volledig. (2)
- Noem **twee** geleenthede waar Greg vir Valkyrie gesien het, maar nie persoonlik ontmoet het nie. (2)

- Waar in Florence het Greg Valkyrie gehoor, maar nie gesien nie? (1)
- Beskryf kortliks hoe Valkyrie Greg-hulle teruggekry het vir die Baker se dood. (2)

[8]

TOTAAL VIR VRAAG 2: [15]

VRAAG 3 DIALOOG

TEMA: Die storie agter Xander se pragtige meisie, Ayla.

"Ayla, jy is in die moeilikheid," hyg ek.
"Wat?"
"Ek het dit nou eers besef. Jy is in groot moeilikheid."
"Stadig nou eers."
"Ek kan nie."
"Ayla, Xander speel jou. Jy is sy volgende slagoffer."

[bl.253]

'n Joernalis van 'n koerant in Venesië besoek Ayla na alles wat met haar en haar vriende gebeur het.

Voltooi die volgende gesprek tussen die joernalis en Ayla. Skryf SLEGS die **vraagnummer** en **Ayla se woorde** in jou antwoordboek neer. Laat 'n reël na elke antwoord oop.

- 3.1. Joernalis: Ayla, jy is nie 'n Suid-Afrikaner nie, maar tog praat jy goed Afrikaans. Waar het jy geleer om die taal te praat?
Ayla: ... (1)
- 3.2. Joernalis: Jy en Xander het 'n ernstige verhouding. Waar het julle mekaar ontmoet? (1)
Ayla: ...
- 3.3. Joernalis: In watter stad het jy en Xander gewoon? (1)
Ayla: ...
- 3.4. Joernalis: Xander ly aan trauma na sy pa se wrede dood. Hoe affekteer dit sy lewe? (1)
Ayla: ...
- 3.5. Joernalis: Julle moes baie vinnig uit julle woonplek vlug. Wie, dink jy, wou so dringend die woonstel oopbreek? (1)

- Ayla:** ...
- 3.6 Joernalis: Xander het vir julle veiligheid gevrees en het iets gevaarlik op die Donker web gekoop om julle te beskerm. Wat was dit? (1)
- Ayla:** ...
- 3.7 Joernalis: In watter vreemde verpakking was hierdie item versteek? (1)
- Ayla:** ...
- 3.8 Joernalis: Jy sien jou ouers nie baie nie. Gee 'n rede waarom jy so min kontak met hulle het? (1)
- Ayla:** ...
- 3.9 Joernalis: Xander misbruik mense. Wat is Greg se teorie oor hoe Xander jou misbruik? (1)
- Ayla:** ...
- 3.10 Joernalis: Jy was baie ontsteld oor Greg se woorde. Wat het tóé tussen jou en Greg gebeur? (1)
- Ayla:** ...
- 3.11 Joernalis: Jy het gedink die teorie oor jou pa is absurd. Hoekom het jy so gedink? (1)
- Ayla:** ...
- 3.12 Joernalis: Wat sou kon bewys dat jou pa onskuldig is? (1)
- Ayla:** ...
- 3.13 Joernalis: Xander sê Greg wou hom terugkry vir wat jare gelede in Jeffreysbaai gebeur het. Vertel my meer. (1)
- Ayla:** ...
- 3.14 Joernalis: Die waarheid het uitgekom! Wat het Xander éintlik in Jeffreysbaai gedoen? (2)

[15]

TOTAAL VIR VRAAG 3: [15]

VRAAG 4 LITERÊRE OPSTEL

TEMA: Plekke op Greg se pad in sy soektog na die Baker

Opdrag:

Skryf 'n opstel van **tussen 250 en 400 woorde** oor **hoe belangrike plekke Greg nader aan die Baker bring**.

- Jou opstel moet 'n **inleiding- en slotparagraaf** hê. Hierdie paragrawe moenie te lank wees nie.
- Onthou asseblief om jou beplanning dood te trek.
- Onthou dis 'n opstel, moenie jou paragrawe **nommer** nie.
- Gebruik die kolpunte hieronder vir jou paragraafindeling (**hou by die volgorde van die kolpunte wanneer jy jou opstel skryf**).
- Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word.
- **Skryf die getal woorde aan die einde van jou opstel neer.**

1. Inleiding

* * * * *

2. Plek van hoop en wanhoop - Gauteng

- 'n Vreemde man maak die deur oop toe Greg vir die naweek in Johannesburg arriveer. Noem die man se **naam** en **van**. (1)
- Hierdie man word later 'n verdagte (suspect). Waarom dink Greg hý kan dalk die Baker wees? (1)
- Verduidelik die hoofrede waarom Greg vir die langnaweek huis toe gekom het? (1)
- Greg is geskok toe hy sy pa sien. Hoe lyk sy pa nou vir hom? (1)
- Hoe reageer Chris as Greg vir hom vertel hy gaan na die Baker soek? (1)

* * * * *

3. Turkye

Binne die Basilica Cistern sien Greg Xander se bekende gesig in die water.

- Wat van Xander het hom jare terug aan Greg se broer, John laat dink? (1)
- Tot watter skokkende besef kom Xander toe hy 'n selfoon in Greg se hand druk? (2)
- Wat is die gevolg daarvan dat Greg vir Xander jok? (1)
- Watter fout maak Plank wat die vriende in groot gevaar stel. (1)

* * * * *

4. Pilazzo Vecchio - Florence

Greg gaan wys die vriende waar die Baker woon.

- Wie jaag in 'n motor agter hulle aan? (1)
- Xander sê herhaaldelik dat hy nie vir Greg omgee nie, máár sy aksies wys iets anders as Greg oom Dirk ontmoet. Wat doen hy? (1)
- Wat maak Oom Dirk in Florence? (1)
- Watter slegte nuus gee hy vir Greg oor sy pa? (1)
- Wat besef Xander nádat hulle die water drink? (1)

5. Die Koninklike Tuine - Venesië

- Wat is die kodewoord waarmee Xander die Baker se sisteme “crack” en geregtigheid vir sy pa kry? (1)
- Een van hulle is vergiftig. Hoe weet Greg dit is hý wat vergiftig is? (1)
- Watter bewys is daar dat Xander baie goed kan skiet? (1)
- Verduidelik watter foutiewe berig verskyn in Turret-media se koerante. (1)
- Wat is die rede vir die foutiewe berig? (1)

[20]

6. Slot

Assessering:

Vyf punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel wat aan die konvensies van 'n opstel voldoen.

[5]

TOTAAL VIR VRAAG 4: [25]

TOTAAL AFDELING A: [70]

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK

INSTRUKSIES VIR AFDELING B

1. Beantwoord **ALBEI** die vrae.
2. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer bo-aan die bladsy neer.
3. Skryf jou **getal woorde** aan die einde van **elke vraag** neer.
4. Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gekyk word:
 - kennis van die vereistes van die spesifieke skryfstuk;
 - interpretasie van die opdrag
 - inhoud en idees;
 - register en toon; asook
 - taalgebruik
5. **Beplanning**

Dit is 'n goeie idee om jou skryfstuk te beplan voordat jy dit begin skryf. Die beplanning word egter nie gemerk of bepunt nie.

 - 5.1 Skryf die opskrif **BEPLANNING** bo-aan.
 - 5.2 Trek 'n streep deur jou beplanning sodra jy met jou skryfstuk klaar is.

VOORBEELD:

	BEPLANNING  (linkerkantste bladsy)			VRAAG  (regterkantste bladsy)	
--	--	--	--	---	--

VRAAG 5 BLOG



(Foto: <https://www.redacteur.com/blog/reussir-page-accueil-blog/>)

Situasie:

Jy het nooit gedink matriek gaan so oorweldigend wees nie. Matrieks moet so baie op een slag balanseer. Jou skoolwerk, jou sport, verhoudings en die besige skoolprogram.

Volgende jaar se Vorm 5's kan so baie by jou leer, want jy weet nou hoe om jou lewe te balanseer. Maak 'n eerlike **bloginskrywing** waarin jy jou **persoonlike ervarings beskryf** en **deel jou wenke** wat jou gehelp het om 'n sukses van jou Vorm 5 jaar by St Alban's College te maak.

Opdrag:

In jou bloginskrywing moet jy oor die volgende aspekte skryf:

- Die **laagtepunte** van jou matriekjaar.
- Die **hoogtepunte** van jou matriekjaar.
- Is matriek **wat jy verwag het** dit gaan wees?
- **Wenke/raad** vir die matriekleerling van 2024.

Instruksies:

- Verdeel jou paragrawe in die volgorde van die kolpunte.
- Die inhoud van jou bloginskrywing moet **150-220 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou inskrywing neer.**
- Jy moet die **formaat** op die volgende bladsy vir jou blog gebruik.

Vorm 5's van 2024: Dit is wat vir my gewerk het!

Dinsdag, 12 September 2023

Skrywer: Jónu naam en van

.....

XXXX

.....

XXXX

.....

XXXX

.....

[____ woorde]

TOTAAL VIR VRAAG 5: [20]

Blaai asseblief om.

VRAAG 6 E-POS



(Foto: <https://www.freepik.com/free-photos-vectors/email>)

Situasie:

Dit is nog nét die eindeksamen en dan is dit MATRIEK-vakansie!

Jou ouers wil glad nie hê dat jy na die Plett of Balito Rage toe gaan nie. Gelukkig het een van jou vriende op 'n ander opsie afgekom wat baie veiliger is.

Opdrag:

Jy wil saam met jou vriende na die nuwe plek gaan. Jou beste vriend wil vir jou ouers 'n **kort e-pos** stuur waarin hy die volgende vir jou ouers verduidelik.

- **waarom** hierdie plek 'n goeie keuse vir 'n matriekvakansie is;
- **wanneer** julle beplan om te gaan; en
- **hoeveel** die vakansie julle min of meer gaan kos.

Instruksie:

- Die inhoud van die e-pos moet tussen **60-100 woorde** lank wees.
- **Skryf die totale aantal woorde onderaan jou e-pos neer.**
- Jy moet die onderstaande **formaat** op die volgende bladsy vir jou e-pos gebruik.

Aan:

Onderwerp:

Liewe oom _____ en tannie _____

.....

XXXX

.....

XXXX

.....

XXXX

Baie dankie dat julle verstaan.

(Jou naam)

[____ woorde]

(Vraag 5 en 6 is deur Amelia Steyn verwerk met die toestemming van Turicia Willemse)

TOTAAL VIR VRAAG 6: [10]

TOTAAL AFDELING B: [30]

TOTAAL VIR VRAESTEL 2: [100]